

## Nasionale Vrouedag 2022: Brood en Rose

Juliana Claassens\*

*As we go marching, marching  
Unnumbered women dead  
Go crying through our singing  
Their ancient call for bread  
Small art and love and beauty  
Their drudging spirits knew  
Yes, it is bread we fight for  
But we fight for roses too*

Vrye vertalig:  
*Terwyl ons marsjeer, marsjeer  
Ongetelde vroue dood  
Huilend deur ons sang  
Hul oeroue kreet vir brood  
Kleine kuns en liefde en skoonheid  
Hul afgesloofde siele het geweet  
Ja, dit is brood waarvoor ons veg  
Maar ons veg ook vir rose*

In die aangrypende vakbondlied, “Bread and Roses”, wat pragtig gesing word deur ’n groep Walliese vroue in die rolprent [Pride](#), eis die sangers vryheid vir die tallose vroue wat gesterf het, maar ook vir mans wat “vroue se kinders is, en ons bemoeder hulle weer”. In hierdie lied wat terugdateer na die [stemreg-beweging](#), smee hierdie vroue vir die basiese mensereg om genoeg voedsel te hê om te eet, maar erken ook dit is nie net liggame wat verhongers nie, maar ook harte. Daarom sing hulle daarvoor om te veg vir brood en “ook vir rose”.

Die evokatiewe lirieke van “Bread and Roses” getuig van die reg tot vrye tyd wat, volgens [Martha Nussbaum](#), een van die basiese regte is wat noodsaaklik is vir menslike florerings wat verder strek as blote oorlewing. Afgesien van die reg tot voedsel, voldoende skuiling, vryheid van beweging, liggaamlike integriteit, die besit van grond en om in beheer te wees van ’n mens se eie omgewing, sluit Nussbaum se lys ook “Speel. Die vermoë om te lag, te speel en tyd te hê vir ontspanningsaktiwiteite” in.

Ten opsigte van die bogenoemde lied, behels die reg tot ontspanning waarna die sangers hunker die vermoë om blomme te gaan koop, of te plant en om rose te pluk. Of miskien om blomme in ’n blompot te rangskik terwyl hulle hul in die skoonheid verlustig. Om vir rose te veg kan dus gesien word as ’n verskeidenheid ontspanningsaktiwiteite wat finansiële vermoëns veronderstel, afgesien daarvan om die tyd en geleentheid te hê om te ontspan, vry van bekommernis oor bestaan of oorlewing. Brood *en* rose. Rose *en* brood. In hierdie lied is daar dus ’n intrinsieke verband tussen die soeke na geregtigheid – wat ook die belangrikheid van skoonheid en vreugde bevestig – en die vryheid om op te tree, en soms ook om net te wees.

Ek het waarskynlik op my onlangse studieverlof – een van die gewaardeerde voordele van die akademiese lewe wat aan mens die vryheid bied om navorsing te doen en nie oor administratiewe take en onderrig hoef te bekommer nie – in Duitsland ’n bietjie meer oor die reg tot ontspanning gedink. Ná ’n konferensie in Salzburg, het ek en my gesin ’n paar salige dae in Italië deurgebring.

Terwyl ek begin afskakel het en in 'n roetine van reis, stap, swem, verkenning, eet, lees en slaap verval het, het ek begin om ander vroue wat ontspan, raak te sien. Plaaslike winkeleienaars in die klein dorpie in Cinque Terre wat teen sonder in 'n roespoel gaan swem nadat die meeste toeriste vertrek het, en duidelik tyd saam met familie en vriende geniet soos hulle talle aande voor dit ook gedoen het. Of die paartjies wat buite die Duomo in Milaan dans. Daar was selfs 'n vrou wat met haar hond gedans het terwyl die straatmusikante se pragtige klanke die plein gevul het.

Hierdie vroue weet dit is nie 'n luukse nie, maar 'n basiese mensereg om tyd vir ontspanning te hê. Om tyd te hê om net te wees, om weer jou kragte op te bou en te hergroepeer maak 'n noodsaaklike deel daarvan uit om asem te skep voordat jy weer begin werk. En 'n mens kan ook sê om weer te marsjeer en te veg.

Dit is interessant om oor hierdie reg tot ontspanning te dink ten opsigte van ons jaarlikse Nasionale Vrouedag (9 Augustus). Tot 'n sekere mate het Vrouedag sinoniem geword met ontspanning in die vorm van bederfpakkette en spabehandlings wat die korporatiewe manier geword het om hierdie dag te vier.

Hierdie spesifieke klem wat op Vrouedag geplaas word, mis die sentrale skakel tussen geregtigheid en ontspanning wat die kern is van die dikwels moeilike en aaklige stryd vir menswaardigheid en vryheid wat met die [Vroue-optog na die Uniegebou op 9 Augustus 1956](#) geassosieer word. Vroue van alle rasse en stand het "gemarsjeer, gemarsjeer" om te protesteer teen die veragtelike Paswette wat talle swart mense se vryheid van beweging beperk het, gesinne uitmekaar gehou het en hulle die uitersbelangrike reg tot ontspanning ontsê het. Die reg om tyd saam met familie en vriende deur te bring. Die reg om te lag en te speel en aan 'n verskeidenheid ontspanningsaktiwiteite deel te neem.

Vrouedag en Vrouemaand hou dus 'n diep verbintenis tot geregtigheid vir almal in, wat ook die reg tot ontspanning, veral vir daardie vroue in Suid-Afrika wat na 'n ruskans van die skynbare nimmereindigende geweld en mishandeling smag, insluit. Mag ons vanjaar wanneer ons self tyd vind om te speel, te lag en te (her)skep, saamsing aan die lied wat "'n miljoen donker kombuis; 'n duisend solders grys" met die glans "wat 'n skielike son ontsluit" sal ophelder.

*For the people hear us singing  
Bread and roses, bread and roses."*

Vrye vertaling:  
*Vir mense wat ons hoor sing  
Brood en rose, brood en rose."*

*\*Prof Juliana Claassens is professor in Ou Testament en hoof van die Gendereenheid in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*